Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

*DIE TERM VOLKSEENHEID BETEKEN DIE VERDWYNING VAN PARTYSKAPPE — D.W.S. VAN PARTYE.*

# Die O.B.

*SOLANK DAAR PARTYE IS WAT TEEN MEKAAR VEG, IS DAAR GEEN VOLKSEENHEID NIE, MAAR PARTYSKAP.*

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 12 SEPT. 1945. No. 42.

# „DIE NETTO-RESULTAAT IS HAAT”

## Genl. Smith oor Vrugtelose Stryd van Partye

## Kandidate Sal Voortaan Vir Volksfront Gestel Word

**Daar is net een beginsel wat waar is — die gebod om God lief te hê bo alles en jou naaste soos jouself. Dit is ook die beginsel van die Ossewabrandwag wat sê: een vir almal en almal vir een, en: weg met die partypolitiek wat jou dwing om jou medemens te beveg met alle mag. Daarom nooi ons alle Afrikaners uit om saam 'n volksfront te vorm waardeur hierdie beginsel toegepas kan word.**

**In hierdie trant het genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., verlede Saterdagaand op Ceres gepraat toe hy 'n groot vergadering in die stadsaal toegespreek het.**

Genl. Smith het gesê dat die O.B. hom ten taak gestel het om in Suid-Afrika 'n veranderde toestand te bring op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied. Hy wou die verskynsels aan die kaak stel wat dwarsdeur die wêreld verantwoordelik is vir wantoestande. Daarom het hy homself so gehaat gemaak by diegene wat die hef in hande het.

In die eerste plaas is daar die verdeeldheid van die volk op politieke gebied. Die demokratiese stelsel het ontwikkel tot 'n toestand waarin elkeen 'n instrument kan skep om sy mede-Afrikaner te onderdruk en te beveg. Dis 'n ingevoerde stelsel wat bepaal dat jy minstens twee partye moet hê wat mekaar beveg om verkryging van die bewind. Ons het dit tans weer in Kimberley-distrik gesien. Hulle het moontlik die beste man parlement toe gestuur, maar jou netto-resultaat is haat en verbittering wat onder 10,000 burgers nagelaat is in daardie kiesafdeling. Hierdie groepe is nie daar uit hulself nie, maar dis 'n eis van die stelsel!

Die O.B. het aanbeveel dat O.B.-lede nie daaraan moet deelneem nie. Daar het 'n groter persentasie van die kiesers nie deelgeneem aan die onderlinge slagting nie as 'n jaar gelede. Dit ten spyte van die feit dat die partypolitieke gees daar nog baie sterk is. Hierdie toestand sal egter nie so aangaan nie. Ons kom tot die tyd dat ons sal kies volgens die harte wat ons in ons dra en nie die uitwendige baniere van partyskap nie. Van nou af kan die O.B. positief optree. As 'n volkskandidaat in Kimberley gestaan het, sou albei partye stukkend geslaan gewees het. Daarom sal die O.B. sorg dat daar voortaan volkskandidate gestel word, en spr. kondig dit aan as neergelegde beleid. Hierdie kandidate sal die lokstem wees van volkseenheid, en met die hulp van die duisendes wat sat is van die getwis en bedrog wat omgaan in die partypolitiek, sal daar volksfrontkandidate wees wat hierdie partygees sal uitroei en werklike volkseenheid bewerkstellig — nie eenheid tussen die O.B. en die H.N.P. alleen nie, maar tussen alle volksgenote.

### KOLLEGAS

Toestande kom wat dit noodsaaklik sal maak dat daar 'n hervorming moet plaasvind. Daar is die duisende broers van ons wat gebuk gaan onder armoede binne hierdie stelsel. Op hierdie armoede tier die kommunisme, en u wat glo aan die partystelsel, sal saam met die Kommunistiese party moet veg, al is dit sogenaamd teen hom, want hy is ook 'n party en dus deel van jou stelsel. Die regerende party moet vandag vir die opposisie-party 'n spesiale trein gee om kongres te gaan hou, want hy is deel van die stelsel. So ook eis die stelsel dat die Kommunistiese party erken moet word.

Hierdie stelsel bring verder ontstellende bitterheid tussen Afrikaners — alles tevergeefs. Vandag het die een die bal en gaan druk sy drie en more het die ander dit weer en gaan druk sy drie. So hou dit aan eeu in eeu uit. Deelname hieraan beteken net bestendiging daarvan. Nooit word die volkswil geopenbaar nie.

Voortgaande het genl. Smith na die ekonomiese wantoestande gewys waardeur soveel duisende nie klere het om aan te trek of kos om te eet nie. Dit is nie hulle skuld nie, maar dié van die verkeerde stelsel.

### NA 8 JAAR

Van volksorg is daar onder die huidige stelsel geen sprake nie. In 1924 het ons 'n kombinasie gekry so goed as wat bedink kan word — 'n Nasionale Party en 'n Arbeidersparty. Hul kamerade is in 1922 platgeskiet. Maar watter omwenteling is daar gebring in belang van hierdie mense? Toe hulle begin het, was daar 160,000 armblankes, en toe hulle hul bewind afsluit, was daar 300,000. Hulle het nie die mense verarm nie, maar onder die stelsel was dit vir hulle onmoontlik om iets vir hulle te doen.

Dis goddeloos en onchristelik om jou broer in 'n toestand van lewenslange honger te laat lewe net soos dit goddeloos en onchristelik is om teen jou broer gedurig te veg. En vandag boet die wêreld vir hierdie toestand. Volke krul vandag onder die Hand van bestrawwing en ook ons volk sal nie vryspring nie. Daarom sê ons: Kom mede-Afrikaner, bring jy jou kragte saam met ons om hierdie stelsel omver te werp en 'n partylose volkstaat daar te stel, waarin die volk sy president kies as leier van die volk en nie van 'n party nie; en bygestaan deur 'n raad wat natuurlike belange verteenwoordig en nie kunsmatige partye nie.

### ELKEEN SE KEUSE

Ons kan dit slegs bereik as ons teen die partyskap veg. Elkeen van ons sal moet kies nie tussen partye nie, maar tussen volkseenheid en volksverdeeldheid. Hierdie keuse wil die O.B. vir die volk moontlik maak, en waar hy ongeskonde uit die oorlogstryd gekom het, sal niemand hom kan belet om sy doel te bereik in vredestyd nie, het genl. Smith ten slotte gesê.

Die vergadering is gelei deur komdt. J. B. Zulch en met gebed geopen deur genl. ds. J. A. Pienaar. Hoofgenl. P. R. Retief het 'n kort welkomswoord gespreek. Die verrigtinge is opgeluister met mooi musiek deur die Kaapstadse O.B.-blaasorkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel, terwyl 'n deel van die Kaapstadse Vrouewag verdere luister bygebring het.

## Paarl Samel £1020 Voorlopig In

'n Egte Boeregees was die kenmerk van die Basaar wat onlangs in die Paarlse Stadsaal gehou is met O.B.-dag. Die voorlopige bedrag van £1020 is deur die Hoofkommandantskap Paarl ingesamel. Hiervan het Franschhoek-kommando £240 en Wellington £200 bygebring. Dit is nog nie die totale syfer nie, daar heelwat lyste nog uitstaande is.

Die ondersteuning deur 'n groot aantal van die publiek het daartoe bygedra dat die eetwares baie gou van die hand gesit was.

Die twee handwerktafels het die bedrag van £120 byeengebring.

Die uitstalling van die Boerejeugtafel het baie aandag getrek.

'n Inspirerende toespraak is deur dr. Erika Theron gelewer. Vrolike musiek is verskaf deur die O.B.-orkes gedurende die aand.—(Ingestuur.)

## WESSELSBRON VIER O.B.-DAG

Wesselsbron het op 9 Aug. 'n O.B.-dag-funksie gehou. Alles was volop en die brandwagte het met geesdrif en goeie aptyte aan die werk gespring en die bedrag van £142.1.8 ingesamel. In die middag het die Kommandant-generaal ons toegespreek en almal het met nuwe moed en besieling huistoe gegaan.—(Ingestuur).

BINNE 10 DAE
'N GESONDER MAN . . . .
BINNE 90 DAE
'N STERK MAN . . . .
of so nie betaal ek u lesgeld terug.

JOHAN HEFER
se duisende suksesse is
U WAARBORG

Seuns en jong mans verlang
MOOI SPIERE en
REUSE KRAG . . . .

Bejaarde mans verlang
BLYWENDE GESONDHEID
JOHAN HEFER voorsien in altwee.


Ontvang u kursusse deur die pos en oefen in u slaapkamer, sonder dat enigeen daarvan weet.

Billike pryse. Maklike terme.

Skryf vandag of vul die Koepon in en pos dit aan:

JOHAN HEFER.
Hefer-Instituut — Bus 3494, Kaapstad.

Stuur my asb. gratis besonderhede omtrent u kursusse.
Naam ........................................
Adres ........................................
Ouderdom ....................



# 2,500 KIESERS BLY BUITE STEMMING

## Uitslag in Kimberley

Die tussenverkiesing in Kimberley-distrik is deur die H.N.P.-kandidaat gewen met 'n meerderheid van 244 stemme.

Mnr. Herman Bekker het 3,908 stemme gekry en mnr. Ryk Steytler (V.P.-kandidaat) 3,664.

Meer as 'n kwart van die kiesers het nie gestem nie. Inderdaad het hierdie keer meer mense buite stemming gebly as verlede keer met die algemene verkiesing toe slegs 77 persent gestem het — dit ondanks albei die partye aangekondig het dat 'n hoër persentasie stemme hierdie keer na verwagting uitgebring sou word.

Gewoonlik is die stemming in 'n tussenverkiesing baie hoër as in 'n algemene verkiesing, omdat alle kragte daarin gekonsentreer word. Die feit dus dat daar nou meer mense buite stemming gebly het as in die algemene verkiesing twee jaar gelede, is 'n aanduiding dat die kiesers ook in Kimberley-distrik moeg is vir die partypolitiek.

## Kommuniste Sterker

Die kommuniste het verdere vooruitgang in Kaapstad gemaak. In die stadsraadsverkiesing verlede week het hulle hul verteenwoordiging opgestoot tot vier deur twee nuwe oorwinnings te behaal.

## „Wat Maak dit Saak?"

Engelssprekende aan sy maat in 'n bus in Kaapstad: „Die uitslag van Kimberley-distrik is nog nie uit nie, nè? Maar wat maak dit ook saak wie inkom — albei is tog maar party-politici".

# ONTWRIGTING IN GROENTE-HANDEL

## Onbetaalbare Pryse Vir Noodsaaklike Voedsel

## PLANLOOSHEID DIE OORSAAK

**Die huidige groenteskaarste, wat aan menige huisvrou hoofbrekens besorg, vestig opnuut die aandag op die mislukking van ons regeringstelsel om die probleem van standhoudende produksie en eweredige distribusie op te los.**

**Dit bring weer die regering se pogings om hierdie probleem met behulp van 'n unieke stelsel van beheer van dit en vrylating van dat op te los, in die lig.**

**In Kaapstad kos ertjies deesdae tot 1/- per pond; groenboontjies 9d. per pond; blomkool 2/- per kop en wortels 8d. per bossie.**

**'n Stellenbosse boer het egter wortels in Kaapstad kom verkoop teen 3d. per bossie en verklaar dat hy hoog in sy skik is met die prys.**

Die middelklas-gesin kan in sulke omstandighede nie die noodsaaklike voedsel bekom nie. Dis bo hul vuurmaakplek, en daar word gevoel dat 'n groot skroef êrens los moet wees.

Hierdie groente-chaos moet gewyt word in die eerste instansie aan planloosheid. Die groenteboere is nie van 'n duidelike beleid ten aansien van groente-aanplanting voorsien nie. Dan is hulle gemaan om te plant en dan weer om minder te plant. Origens is hulle nie van die nodige saad en misstowwe voorsien nie. Die gevolg was dat die chaos ontstaan het by die produksie van groente.

'n Verdere beskamende aspek van planloosheid geld die ontwrigting ten opsigte van die vloei van geproduseerde groente na die verbruikers. Glad te veel van die op-hande-synde groente is gebrandmerk vir inmaak en ontwatering. Gevolglik is broodnodige vars groente in 'n tyd van skaarste aan die mark onttrek om na fabrieke te vloei — fabrieke wat ooreenkomstig gesonde beplanning net surplus-groente moes ontvang het.

### UITVOER

Bowendien is glad nie rekening gehou met die uitvoer van groente na oorsese lande nie. Om te kan uitvoer moet meer as die tuisbehoefte geproduseer word. Dit is nie gedoen nie. En tog nieteenstaande word daar uitgevoer.

Hierdie planloosheid, of intuimeling van 'n moontlike plan, moet gesien word teen die agtergrond van die huidige regering se beleid van gedeeltelike en ondoeltreffende beheer; òf die hele ekonomiese lewe moet planmatig beheer word, òf dit moet glad nie beheer word nie.

Die beheerstelsel is aangepak en ingevoer om 'n verbetering te wees op die vooroorlogse kapitalistiese stelsel, wat ondoeltreffend geblyk het. En nou blyk dit ten oorvloede dat die huidige beheerstelsel hoegenaamd alle verwagtings wat daarvan gekoester is, verydel het en nog verydel.

Die regering moet tot die besef gebring word dat met sy soort beheerstelsel hy die land in 'n beklemmende noute gebring het, wat dreig om uit te loop op ekonomiese chaos.

### REGTE GRONDSLAG

Die fout lê nie by die beginsel van beheer nie, maar by die toepassing daarvan. 'n Staat wat planmatig wil beheer, moet

- erkenning verleen aan al die funksionele groepe in die samelewing wat 'n bydrae lewer tot die voleinding van die volk se sosiaal-ekonomiese huishouding;
- omskrewe magte verleen aan elke groep om die groepsfunksie behoorlik te beheer;
- self net regulerend optree om die verskillende groepe en hul funksies te koördineer en te harmonieer.

Dit beteken, in kort, dat die beginsel van staatstoesig en beroepsregering konsekwent in alle vertakkinge van die ekonomiese lewe toegepas moet word.

Die huidige beheerstelsel is kunsmatig. Dit is bo-op die volk en die huishouding georganiseer. Dit stoot nie natuurlik uit die volk nie.

Die huidige beheerstelsel is plaasvervangend, nie absorberend nie. Instede dat die bestaande kanale geabsorbeer, uitgebou en van 'n nuwe gesindheid voorsien word, word oral burokratiese plaasvervangende kanale geskep. Dit werk mededinging en die gevolglike instorting van die beheerstelsel in die hand.

Die Ossewabrandwag weet lankal dat daar net een oplossing is. Daar is net een weg uit die bestaande ekonomiese ontwrigting. Dit is die weg van beroepsregering onder staatstoesig.

## Klandisie Bring Botter Terug

Dit wil voorkom of die regering nou so stadigaan die ou botter wat al maande lank in die koelkamers opgegaar word, begin vrystel aan die handel. Maar 'n deel daarvan is in so'n toestand dat gevalle voorkom waar klandisie dit na die winkels terugbring. Dit is wel nog in eerstegraadse omslae verpak, maar die reuk en smaak is alles behalwe eerste graad. Die gevolg is dat baie mense nou vra na plaasbotter, wat wel duurder is, maar in elk geval vars.

Soos onlangs berig, word beweer dat botter so oud word in die koelkamers dat inspekteurs daagliks groot hoeveelhede teruggradeer na derde graad. Ander grade word eenvoudig onbruikbaar.

## STUUR BERIGTE

**Ons ontvang dikwels berigte van kommando's wat onder die indruk verkeer dat daar betaal moet word vir die plasing van nuusberigte in ons blad. Dit is verkeerd. Kommando's word uitgenooi om soveel as moontlik van hulle te laat hoor. Gewone nuus word gratis geplaas. Slegs vir advertensies moet betaal word. Korrespondente moet die pleknaam van die kommando's noem en nie die kodenommer nie.**

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.**


**BOERE!**

Om 'n sukses van u BOERDERY te maak, woon een of ander erkende LANDBOU-KOLLEGE by of word dadelik 'n student van B.K.K. en kry dieselfde diens by u huis deur middel van ons uitstekende KORRESPONDENSIE KURSUSSE in:

- BEESBOERDERY £10 kontant (of £12 op terme)
- BYEBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- BOERDERY-BOEKHOU £5 kontant (of £7 op terme)
- PLUIMVEE-BOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- SKAAP- EN WOLBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- TABAKBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- VARKBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)

**HUISVROU!**

Met B.K.K. se beroemde HUISHOUDKUNDE-KURSUS sal u Huishouding 'n plesier wees. — £5 kontant (of £7 op terme)

**DIENS!**

As u eenmaal 'n lid is van een van B.K.K. se Departemente, bly u altyd 'n lid en ontvang u gratis die raad van DESKUNDIGES vir u besondere geval.

Stuur dadelik u inskrywingsgeld aan:

PRINSIPAAL
**BOERDERY-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE,**
POSBUS 180 STELLENBOSCH




**Afgesien van moeilike omstandighede het ons groot voorrade wat ons instaat stel om die kieskeurigste man te voorsien van 'n netjiese pak klere.**

**VAN ZYLS**
**DIE KLEREMAKERS**
**DIE PAARL**

*Alombekend vir hul opregte en billike behandeling.*

*Skryf om Maatvorms.*

# O.B.-Kampe Baie Gewild



Die opleidingskampe wat deur die O.B. vir sy offisiere gereël word, vind meer en meer ondersteuning. Die nuttige voorligting wat hulle daar ontvang, ook ten opsigte van veldbewaring en bevegting van grondverspoeling, besiel die offisiere tot groter diens. Onlangs is twee sulke kampe in Transvaal gehou, een te Boesmansrivier en die ander by Nylstroom. Op bostaande foto is offisiere te sien wat die laertrekking in Nylstroom tussen 21 en 28 Julie bygewoon het.

## Boerejeug-Staf Gesellig Onthaal

Op Vredesdag, Woensdag, 15 Aug., is op Potchefstroom in die huis van genl. en mev. F. J. Labuschagne die staf van die Boerejeughoofkwartier, hoofkomdt. Taljaard en hoofkomdte. Gericke, amptelik welkom geheet. Die funksie is gereël deur die Boerejeugveldkornetskap JE8a2. Die geselligheid is bygewoon deur die Jeugleier genl. Dirk van Rooy, hoofgenl. F. J. Labuschagne, hoofkomdte. mev. Viljoen, (skakelvrou van Wes-Tvl.), jeugkomdte A. J. Malan, jeugkomdt. H. J. Coetzee, en ander jeugoffisiere.

Nadat jeugveldkt. P. Labuschagne die vergadering geopen het met 'n paar woorde van verwelkoming, is die aanwesiges vergas deur 'n pragtige sangduo deur die Boeredogters F. Badenhorst en H. Scheepers. Nog verskeie jeugoffisiere het opgetree om die middag 'n sukses te maak, waaronder 'n klavierstuk deur adj. Koos du Plessis. Die Boeredogters het die verversings bedien.

Genl. van Rooy het in sy toespraak veral gewys op die groot moontlikhede wat in die Boerejeug opgesluit lê. Hy het die Boerejeug met die veelbesproke atoombom vergelyk. Die Boerejeug is die atoom van die Boerevolk — geweldige krag lê daarin opgesluit wat vandag besig is om ontgin te word om dan op die regte tyd aangewend te word. Geweldig sal die resultate wees as die atoom van die Boerevolk, die Boerejeug, in sy jeugdelike krag sal losbars oor Suid-Afrika en die vreemde kapitalistiese bande in flenters skeur."

J/komdt. H. Coetzee het ook 'n boodskap gebring.

Nadat op gesellige wyse verversings geniet is het hf.komdt. Taljaard en mej. Gericke geantwoord. In haar kort toesprakie het laasgenoemde ons toestand duidelik gestel in die volgende woorde: „Miljoene vier vandag fees omdat hulle gewen het; miljoene treur omdat hulle verloor het; maar ons juig nie, en ons hoef nie te treur nie, want die Boerenasie het nog nie gewen of verloor nie! Ons stry nog!"

Dit was vir almal duidelik dat groot besieling sal uitgaan van hierdie twee flinke staflede wat weet waarvoor hulle staan.

Veldkt. Labuschagne het die vergadering met 'n paar woorde van dank aan die sprekers afgesluit. — (Jeugkorr.)

## Nuwe Kommando In Kimberley

'n Dag voor die verkiesing in Kimberley-distrik het die Ossewabrandwag 'n nuwe kommando in die kiesafdeling gestig. Dit is 'n bewys van die posvatting van sy volksfrontgedagte selfs tydens die verkiesingshisterie.

Die stigtingsvergadering was belê vir 8-uur die aand op Tadcaster. Die H.N.P.-agente het egter 'n vergadering vir die middag om drie-uur in dieselfde saal belê, en die vergadering vertraag tot 6-uur die aand. Daarna het die eienaar geweier om dit aan die O.B. af te staan. Gebiedsgenl. C. L. de Jager en genl. P. J. Grobbelaar het toe 'n vergadering in die wapad gaan hou en daar en dan 'n kommando van 50 lede gestig onder leiding van komdt. De Wit.—(Korr.)

## Voel Hy Tevrede Met Die Ruil En Kan Dit Slaag?

„Ons vra die stemme van die mense wat in die verlede TEEN ons gestem het. Die Engelssprekende is welkom in ons Party. Net so welkom is ook die Afrikaanssprekendes wat tot dusver die Verenigde Party ondersteun het. Ons wil Suid-Afrika in 'n broederlike gees opbou." Aldus dr. Karl Bremer op Douglas volgens Die Burger van 5 Sept.

Nadat dr. Bremer se party op 15 Junie duisende mense wat voorheen VIR sy party gestem het, uitgeskop het, soek hy nou diegene wat in die verlede TEEN sy party gestem het.

Sou hy gelukkig voel oor die transaksie?

Sou hy dink dat hierdie TEEN-mense geloof sal heg aan sy ideaal van „broederlike gees" solank hy die VIR-mense uitskop en beveg?

Op dieselfde dag skryf Die Suiderstem met verwysing na adv. Strydom se aanvalle op die O.B. en dr. Malan se beskuldigings onder meer as volg:

„Dit is egter nou die mense wat wil voorgee dat hulle die belange van die land en volk kan behartig, wanneer hulle slegs in terme van hul partye of organisasies kan dink en daar nie eens kan ooreenkom nie."




## Demobilisasie 'n Warboel

### Offisier Bedank

Die huidige metode van regeer loop op elke punt uit op 'n mislukking. Onder die partystelsel is alle vertakkinge van die openbare lewe 'n terrein van plundering vir die politieke partye. Elke party wat aan bewind kom, plaas sy boeties in allerhande baantjies, of hulle daarin pas of nie. Die meriete vir 'n betrekking is partylojaliteit en nie bekwaamheid nie. Die gevolg is dat veral die tydelike of wisselende dienste wat geskep word, volgeprop sit met onbevoegde partyvolgelinge, en diegene wat nog iets daarbinne wil doen, word in bande gelê deur 'n string draadtrekkery. Die jongste voorbeeld van hierdie partypolitieke chaos is die regering se demobilisasie-masjinerie.

Verlede week het die voorsitter van die Durbanse demobilisasiekomitee, kol. K. Jopp, bedank en bekend gemaak dat hy sy vertroue in die direktoraat van demobilisasie verloor het. Hy het die toestand beskryf as „'n warboel en semi-chaos". Hierdie uitbarsting volg op 'n bedanking van die Riversdalse komitee om dieselfde redes.

'n Tyd gelede het genl. Brink, direkteur van demobilisasie, ook met onthullings gekom. Hy het beweer dat sy organisasie doelbewus kort gehou word aan personeel deur sekere individue.

Die Cape Times probeer sy lesers troos met die gedagte dat die hele stelsel nog „fundamenteel gesond" is, want die mense word nog toegelaat om die toestand te kritiseer!

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiings-masjinerie.**
Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.

**PLUIMVEE**
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

## 'n Gesellige O.B.-Aand

word gehou op
SATERDAG, 15 SEPTEMBER
in die
HOFMEYRSAAL, KAAPSTAD
om 7.45 n.m.


Die O.B.-Blaasorkes sal optree en vertonings sal gegee word deur die O.B.-Wag. Verder 'n Samespraak en Gesamentlike Sang.
Bring u O.B.-Bundels saam.
Die Gebiedshoofkwartier nooi al die Offisiere en Brandwagte om saam 'n aangename aand te kom deurbring.

## AKSIE!

*HANDHAAF U EIE TAAL!*

Stuur u naam, adres en 2/6 ledegeld (vir eerste jaar) aan:

SEKRETARIS
*HANDHAWERS-ORGANISASIE*
Posbus 180 — Stellenbosch




*'n Egte Suid-Afrikaanse Produk*

Kry dit by u Handelaar of Apteker

Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK., Posbus 3180 . . . KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 12 SEPT. 1945.

# KIMBERLEY-DISTRIK

Vir die eerste keer sedert veldmaarskalk Smuts in September 1939 oorlog verklaar het, het daar nou 'n tussenverkiesing plaasgevind onder vredesomstandighede. Vir die eerste keer sedert 1939 moes die regering na die kiesers gaan vir hul ondersteuning sonder om aan hulle te kan sê: „Stem vir ons kandidaat en help sodoende om die oorlog deur te sien".

Die tussenverkiesing in Kimberley-distrik was 'n vredesverkiesing. Aan al die opgekropte ontevredenheid met die regering se ekonomiese beleid van mislukte beheer sowel as van bitterheid oor beloftes wat nie nagekom word nie, kon burgerlike sowel as soldaat vryelik uiting gee deur teen die regering te stem, sonder vrees om daardeur die oorlogspoging te belemmer.

En dat die regering ongewild is, val nie te betwyfel nie. Selfs 'n vreemdeling kan dit voel met 'n paal.

Wat dan ook voorsien was, het gebeur. Die regerende party het die nederlaag gely. Wat nie te voorsien was nie, is dat die meerderheid oor die regeringsparty so uiters karig is. Dit kan net op twee dinge dui: òf die regering is nie so ongewild soos algemeen aangeneem word nie, òf die H.N.P., wat as opposisieparty die ontevrede regeringstemme moes erf, is nog meer ongewild by hulle as die regeringsparty.

Die syfers in verband met die verkiesing is baie interessant. In 1943 het die Verenigde Party 3,700 stemme gekry en nou 3,664. Die Verenigde Party handhaaf dus net onder die nippertjie sy stemmetal ten spyte daarvan dat daar hierdie keer oor die 2,000 meer kiesers op die lys was as in 1943. Die H.N.P. wen in 1945 slegs 719 stemme op sy 1943-totaal en dit terwyl die kiesers met meer as 2,000 vermeerder het.

## ¼ BUITE STEMMING

In die afgelope verkiesing het daar meer mense, persentasiegewys, buite stemming gebly as in 1943. En dit is 'n bekende feit dat met 'n tussenverkiesing daar gewoonlik 'n groter persentasie stem as in 'n algemene verkiesing. In hierdie verkiesing het daar meer as 2,500 kiesers nie gestem nie, en daar kan aangeneem word dat honderde by afwesigheid van 'n beter keuse tog maar vir een van die twee politieke partye met teësin gestem het in die troos dat hy vir die minste van twee gelyksoortige euwels kies.

Die syfers dui duidelik daarop dat die regeringsparty agteruit gegaan het; ook dat die H.N.P. geensins die stemme van ontevrede kiesers gekry het nie.

Weens die afwesigheid van 'n volksfrontkandidaat het die O.B. 'n beleid van nie-stem gevolg. Daarmee wou hy twee dinge bereik:

Eerstens wou hy die volk se oë oopmaak vir die noodsaaklikheid van samewerking en die nadelige gevolge van 'n partypolitieke skeurbeleid. Ondanks die feit dat die O.B. in Kimberley-distrik besonder swak georganiseerd is, in teenstelling met ander kiesafdelings in die land waar hy 'n deurslaggewende faktor is, het hy tog in hierdie doel geslaag. Meer as 'n kwart van die kiesers het nie gestem nie en die skrapse oorwinning van die H.N.P. in gunstige omstandighede, en selfs in afwesigheid van 'n derde kandidaat, behoort genoegsame bewys te wees dat geen politieke party kan hoop om op eie krag namens die volk 'n algemene verkiesing te wen nie. Slegs 'n beleid van samewerking met alle volksgenote op 'n nie-partypolitieke grondslag kan vir die volk 'n meerderheid in 'n algemene verkiesing besorg.

## HET GESLAAG

Die tweede doelstelling was om sy eie identiteit te beklemtoon en sy volksfront-beleid helder uiteen te sit as die enigste alternatief om die regering te verslaan. Daarin het hy ook geslaag. Dit word nie net bewys deur die groot persentasie kiesers wat hulle aan die verkiesing onthou het nie, maar dit het ook reeds tydens die verkiesing geblyk uit die vrees van die H.N.P.-leiding wat hom genoodsaak gevoel het om sy lede dringend te beveel om geen O.B.-vergaderings by te woon nie. Verder het talle ondersteuners van die Verenigde Party wat op O.B.-vergaderings was, openlik die volksfrontgedagte toegejuig en etlikes wou selfs nie eens meer daarna gaan stem het nie.

Die uitslag in Kimberley-distrik het meer as ooit die noodsaaklikheid onderstreep van 'n volksfront as middel om 'n sterk regering aan bewind te kry, want so'n front sal baie geredeliker die ontevrede regeringstemme opvang as 'n politieke party wat homself aanstootlik gemaak het teenoor sowel regeringsvolgelinge as republikeinse Afrikaners buite die partyverband.

***£1000 vir u Oë***

**Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.**

**DUWAS**

***Die Antiseptiese en Helende Oogwas. — 5/- posvry.***

**'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, wateriegheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.**

Van alle Apteke, of direk van

**DIE VOORTREKKER-APTEEK**

**KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).**
**MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).**

# SOLDATE KRY HUISE TEEN BETALING VAN £4,250

## Kapitaliste Se Tegemoetkoming

**Die soldaat het in hierdie oorlog sy lewe gaan waag om die kapitalistiese uitbuiting te bestendig. Aan hom is vertel dat hy vir Christelikheid en demokrasie gaan veg. Hy het die oorlog gehelp wen, maar van al die mooi dinge waarvoor hy sy lewe op die spel gesit het, is weinig of niks in die praktyk te sien nie. In plek van bestaansbeveiliging, wat aan hom beloof is, bevind hy hom vandag werkloos en selfs sonder dit wat hy nog by die uitbreek van die oorlog gehad het — 'n dak bo sy kop. Minister Lawrence het verlede week beduie dat die regering tydens die oorlog nie kon toelaat dat daar huise gebou sou word nie, want die Geallieerdes sou dit nie geduld het nie! Die gevolg is dat die soldate na ses jaar se afwesigheid van hul gesinne, nou terugkeer en op die genade van vriende en bloedverwante afgeskuif word vir herberg.**

Dit bied nou ook 'n heerlike uitbuitingsveld vir die kapitaliste vir wie se vryheid die soldate hul lewens gaan waag het. Grootkapitaal onder leiding van Jode, kom nou met die een skema na die ander om die soldate „te help aan huise". Hulle gaan ook hul bydrae lewer as blyk van waardering vir wat die soldate aan hulle gedoen het — die reg wat die soldate vir hulle verkry het om voort te gaan met hul uitbuiting.

Laat ons kyk hoe hierdie „bydrae" lyk. Een van hierdie ondernemings in die land, van wie die vernaamste direkteure Jode is, kom met 'n skema om huise aan soldate te verskaf. Die soldaat kan kies of hy 'n duur huis of 'n goedkope wil hê — alles volgens smaak. Die duur een se prys is ongeveer £1800 en die goedkope £1750.

Nou betaal die soldaat hierdie bedraggie en hy het sy huis. O nee, wag so'n bietjie! Daar word vir hom voorsiening gemaak om dit op baie gerieflike terme te koop. Hy verseker sy lewe vir 'n bedrag gelykstaande aan die koopprys van die huis en neem nog verder 'n verband op die huis, d.w.s. van ongeveer £1800. Ingeval hierdie soldaat in 'n volgende oorlog sneuwel, of dalk aan siekte omkom, word die huis deur sy polis betaal. **Maar sê nou hy oorleef die volgende oorlog ook, dan is sy verpligtings as volg:**

**Maandelikse rente op die verband, ongeveer £7-10-0.**

**Maandelikse premie op die polis, ongeveer £5-10-0.**

**Die soldaat betaal nou maandeliks £13 vir sy huis, en hy is 'n gelukkige man om 'n dak bo sy kop te hê.**

### NA 25 JAAR

Maar wag so'n bietjie! Sy seëninge het geen einde nie. 'n Huis vir 'n dapper man is nie sommer so'n kleinigheid nie.

Hy moet nou nog munisipale belasting betaal, wat tesame met 'n verpligte versekering teen brand op ongeveer £12 per jaar te staan kom. (Die lae munisipale belasting dui aan dat dit 'n sub-ekonomiese huis moet wees). Maar nou moet hy nog die huis koop, en transport betaal. Dit kos hom ongeveer £36. Hy is egter 'n man wat nog moet betaal vir die oorlog wat hy gehelp „deursien" het. Dus betaal hy nog 'n oorlogsbelasting van £18. Om kaart en transport te ontvang, moet hy aan die begin nog 'n £54 stort.

**Die termyn is 25 jaar, waarna die polis die huis afbetaal, en besit die soldaat dan 'n huisie wat hom ongeveer £4,250 gekos het. Intussen moes hy nog alle herstelwerk self betaal.**

Die huurwaarde van hierdie huisies word op nie veel meer as £5 per maand in normale tye gestel nie. In dien hy liewer sy vyand die geleentheid gegun het om die huis te koop en dit dan van hom gehuur het, sou hy dus ongeveer £2,750 bespaar het. **Hy sou dan genoeg bespaar het om gedurende die volgende oorlog, wanneer pryse weer verdubbel het, vir hom 'n huis vir dieselfde prys te koop en nog £500 oorhou om op die swartmark aan voedsel en klere te spandeer.**

### BROOD KEER TERUG

**En hierdie soldaat se weldoeners? Hulle het intussen £7-10-0 maandeliks aan rente op hul kapitaal ontvang wat hulle die aardige bedraggie van £2,350 na 25 jaar besorg — slegs maar £450 meer as die kapitaal self. Daarby het hulle aan die soldaat 'n polis verkoop wat hulle na 25 jaar weer terugvat in ruil vir die huis se koopsom, nadat die soldaat die huis vir daardie tydperk self in stand gehou het. Met sy premies het hulle intussen nog gewoeker.**

En sodra hulle nou hul kapitaal weer terug het na die 25 vrugbare jare, sal die soldaat weer opgeroep word om te gaan veg vir „Christelikheid en demokrasie" in 'n nuwe oorlog, en daarna sal die hele storie van behuising en belegging hom herhaal vir die volgende 25 jaar.

Dit is kapitalisme en demokratiese vryheid! Die soldaat is vry om 'n huis te koop — of in 'n stal te bly — en die kapitalis is vry om sy voorwaardes te stel.

# Cedarville in £135

Op Saterdag, 18 Augustus, het die Cedarville-kommando's O.B.-dag gevier en die mooi bedrag van £135 ingebring. Die vroue het met 40 sielings gewoeker en 'n bedrag van £46 op dié wys tot die opbrengs toegevoeg.

Die Adjunk-K.G. het by hierdie geleentheid 'n vergadering gehou en is welkom geheet deur genl. E. Cadle van Natal. Ondanks 'n masel-epidemie was die opkoms goed en belangstellend is geluister na die indrukwekkende toespraak van genl. Smith. Hy is deur die O.B.-wag ingeleide gedoen. Die kommando is vol moed vir die toekoms.—(Ingestuur).

**O.B.-BASAAR**

**Kuilsrivier**

**Manne- en Vroue-kommando**

**op 22 September 1945**

om 7.30 n.m. in die

**GIMNASTIEKSAAL, Kuilsrivier.**

Volop Verversings en Lekkernye, Handwerk, Groente en Vleis en nog baie meer lekker eetware. Almal Welkom.

Genl. DE VOS sal die Basaar open. Terselfdertyd gedenk ons ook die verjaardag van ons geagte Kommandante en Adjudante.

# Aaklige Uitwerking van Atoombom

## GEEN HOOP VIR DUISENDE LEWENDES

**Nadat die demokrasieë, wat vir menslikheid en Christelikheid geveg het, 'n oorlog wat klaar gewonne was, tot 'n finale beëindiging gebring het deur die gebruik van twee atoombomme, waarvan die uitwerking ten volle by hulle bekend was, verneem die wêreld tans met groeiende weersin die verskriklike gevolge wat hierdie bomme op die weerlose bevolkings op wie hulle gelos is, nagelaat het.**

Toe die eerste nuus in die koerante verskyn het, en Japanse berigte melding gemaak het van die bom wat hoog in die lug ontplof het, is van Amerikaanse kant toegegee dat dit die bedoeling was dat die bom in die lug moet bars ten einde te voorkom dat hy sy dodelike radio-aktiewe strale in die grond plant, wat ten gevolge sou hê dat daar vir geslagte nooit weer mense op die gebied sou kan lewe nie. **Die wetenskaplikes van Amerika was dus ten volle bewus van die boosaardige uitstraling wat gepaard gaan met die ontploffing van die bom. Dit het hul regering egter nie laat terugdeins om van die bom gebruik te maak nie.**

Tans bevestig Geallieerde koerantmanne die aaklige feite wat Japan bekend gemaak het omtrent die uitwerking van die bom. Een van die Engelse blaaie bevat 'n beskrywing van sy korrespondent wat 'n besoek gebring het aan die verwoeste stad Hirosjima. Hy skryf:

### AFGRYSLIK

„Hirosjima lyk nie na 'n gebombardeerde stad nie. Dit lyk of 'n reuse-stoomroller daaroor gegaan en die stad uitgewis het. Van 25 tot 35 myl is daar nouliks 'n gebou te sien. Dit laat 'n naarheid op die maag om so'n verwoesting deur mensehand te aanskou.

**„In die hospitale is mense wat hoegenaamd geen besering op die dag van die ontploffing opgedoen het nie, maar tans aan die nawerking daarvan sterf. Skynbaar om geen rede begin hul gesondheid eenvoudig in te gee. Hulle raak hul eetlus kwyt, hulle hare val uit, blouerige vlekke slaan op hul velle uit, en dan begin hulle uit mond, neus en ore te bloei.**

„Die dokters het dit eers toegeskryf aan algemene swakheid, en die pasiënte vitamine A ingespuit. Die gevolge was afgryslik. Die vleis het rondom die gaatjie wat deur die naald veroorsaak is, begin verrot en in elke geval het die slagoffer gesterf".

Hy verklaar voorts dat daar oral oor die plek waar die stad was, 'n eienaardige reuk hang. Dit word vermoed dat die reuk afgegee word deur die een of ander giftige gas wat ontsnap uit die grond wat deurweek is van radio-aktiwiteite wat met die splitsing van die uraan-atoom vrygestel is.

### GEEN HOOP

**Die aantal dooies wat reeds getel is, beloop 53,000, maar van 30,000 kan geen rekenskap gegee word nie, en dit kan aangeneem word dat hulle ook dood is. Die verslaggewer berig dat daar 'n maand na die bom-aanval nog 100 mense per dag sterf. Die geneeshere meen dat daar vir die gewondes geen hoop bestaan nie, al is hul beserings ook hoe gering. Selfs mense wat hoegenaamd geen letsel opgedoen het nie, word later siek en sterf.**

Die bom het die stad getref net nadat die veiligheidsteken gegee is en die mense uit hul skuilplekke gekom het. Die vliegtuig het naamlik reeds verdwyn nadat die bom met 'n valskerm op hoë hoogte gelos is.

**Honderde en honderde mense is so vreeslik verskroei deur die geweldige hitte wat deur die bom veroorsaak is, dat hulle nie uitgeken kon word as mans, vroue of kinders nie. Van die duisende wat naby die middelpunt van die ontploffing was, kan geen spoor gevind word nie. Hulle het verdwyn. Die teorie is dat die atomiese hitte so groot was dat hulle onmiddellik tot as verbrand is, behalwe dat daar geen as oorgebly het nie.**


### REDDERS OOK AANGETAS

Slegs een gebou in die hele stad van 310,000 inwoners het bly staan, naamlik die Bank van Japan.

Talle Japanse wetenskaplikes het hulle in die afgelope weke na die stad gehaas om iets vir die slagoffers te probeer doen, maar hulle het self slagoffers geword. Die eerste ruk het hulle duiselig gevoel en hoofpyn gekry, en later het die klein insekte-bytplekke aan hulle tot swere ontwikkel wat nie wou herstel nie.

Dit is ook bevind dat slagoffers se wit bloedliggaampies tot een-sewende van die normale getal verminder en dat hulle geleidelik swakker word tot die dood intree.

## POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



J. E. SEYFFERT van Johannesburg.

**Op 16 Aug. 1944 in die huis deur ses speurders omsingel. Al wat hulle gesê het was: „Ons neem jou vir ondervraging". Na 'n week in Marshallplein is hy toe na die Johannesburgse Fort vervoer. 'n Versoek om sy baba in die Fort te laat doop is van die hand gewys. Op 1 September 1944 is hy losgelaat met die bepaling om elke dag by Balgownie-Huis te rapporteer. Hierdie bepaling is 'n tydlank daarna opgehef. Op 4 Oktober 1944 vir die tweede maal in hegtenis geneem. Op 6 Okt. 1944 te Koffiefontein geïnterneer. Tans weer op vrye voet.**

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".

## Mense Begeer Hervorming

### A.K.G. Terug uit Natal

Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, is so pas terug van 'n uitgebreide reis deur Oos-Vrystaat en Natal, waar hy 'n groot aantal byeenkomste toegespreek het. In die afgeleë dele van Natal en Zoeloeland het hy oral klein groepies toegespreek en daar groot geesdrif teengekom. „Op alle plekke vind ek die mense bereid om te veg vir politieke, sosiale en ekonomiese hervorming. Hulle besef ook dat dit alleen deur samewerking kan geskied en nie langs die weg van verdeeldheidwekkende partypolitiek nie, het die Adjunk-K.G. gesê. Veral die boere is begerig vir 'n verandering in die rigting van beroepsverteenwoordiging en hierdie beleid is ook deur nie-lede toegejuig.

Genl. Smith het gesê dat hy op verskillende plekke verneem het dat die vyandige gees teen die Ossewabrandwag besig is om plek te maak vir een van samewerking. Nuwe lede is dan ook glad geen ongewone verskynsel nie. Op Vryheid is na die vergadering etlike aansoeke om lidmaatskap gedoen deur mense wat dit bygewoon het.

## Ceres Samel Met O.B.-Dag £504 In

**Die twee kommando's van Ceres (vroue en manne) het die skitterende bedrag van £504 ingesamel met O.B.-dag. Dit is 'n pragtige verbetering op die £320 van verlede jaar.**

**Die Boerejeug se bydrae was £45 — 'n pragtige prestasie.**

## Stellenbosch Werk Al Vir 1946

Die Stellenbosse vroue is reeds klaar oorgehaal vir 8 Augustus 1946, na komdte. C. W. Basson meedeel. Op 'n offisiersvergadering verlede week is planne beraam vir werksaamhede met die oog op die volgende fondsinsameling. As 'n eerste stap het die offisiere spontaan 'n bydrae aan die gasvrou oorhandig vir haar O.B.-dagbussie, na gebruik van versersings. In verband met die afgelope insamelings verklaar die Kommandante dat die Bredell-gesin, wat 'n eie tafel besorg het met die funksie, nie £18 10s. ingebring het, soos verlede keer berig is nie, maar £28 10s.

Een metode wat aangewend was om geld in te samel, was om leer uit Port Elizabeth te bestel en dit te verwerk in speelballe, naaldeboekies, poeiersakkies, beursies, ens. Uit die stuk leer wat hulle 7s. gekos het, is 'n bedrag van £7 ingebring.

Verder het die kommando iets meer as 9s. ontvang in die vorm van boetegeld wat deur die Pro Ecclesia-administrasie ingevorder is vir onsuiwer taalgebruik. Vir elke Engelse woord moes 1d. betaal word.


# KERSFEES-KAARTJIES

12

**Driekleurige Ontwerpe met 12 verskillende bewoordings**

Met

**O.B.-Wapen binne-in**

**Die helfte van die wins op hierdie kaartjies word geskenk aan die Boerejeug.**

Per stel van 12 kaartjies met koeverte

**4/3 Posvry**

**Sonder Wapens**

Per stel van 12 met koeverte
4/- Posvry

**BESTEL NOU**

*Het u al?*




deur Ds. J. C. Botha
2/4 Posvry

# Kultuur-Geskiedenis
**VAN DIE AFRIKANER**

Deel I

26/6 — Posgeld 1/ ekstra

**NUWE ROMANS ens.**

- **Guillam Woudberg** deur Karl Kielblock, 9/- posvry
- **Kringloop van die Winde** deur C. M. van den Heever, 11/3 posvry
- **Twee Avonturiers** deur J. Wapenaar, 9/6 posvry
- **Kwart voor Middernag** deur Anna Enslin, 9/9 posvry
- **Stille Nag** deur Mynhardt Fourie, 2/9 posvry
- **Agter die Rand** deur J. J. Brits, 6/- posvry
- **Wedloop om 'n Skat** Ernest Pienaar, 4/- posvry
- **My Kliënt Van Tonder en Ek** deur R. Hendriks, 5/3 posvry


# PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

**Posbus 29**

**STELLENBOSCH**

## Mooi Bedrag Op Devon Ingesamel

'n Aangename en baie geslaagde O.B.-dag is gehou op 11 Aug. op die landgoed van mnr. A. M. Mostert deur die vrouekommando van Devon (E11b8) bygestaan deur die Mannekommando (E11b3).



Genl. Opperman

Hoewel die opkoms iets te wense oorgelaat het — aangesien op Balfour Nagmaal was — het dit aan geesdrif nie ontbreek nie.

Die dag is aangenaam deurgebring met worsbraai, skyfskiet e.s.m.

'n Vet os deur mnr. Mostert geskenk, het die mooi bedrag van £39 opgebring. 'n Vet lam van mnr. Pieterse het oor die £5 opgelewer, en 'n ring, gemaak en geskenk deur een van mnr. Mostert se Italiaanse werkers, het £1-2-0 bygebring.

As sprekers het opgetree genle. K. Malan, hoofgenls. B. J. Vorster en J. C. S. Opperman, onder voorsitterskap van hoofkomdt. Gouws.

**Die verrigtinge het £178-1-4 opgebring teenoor £110 van verlede jaar.**

Die kommando's is baie dank verskuldig aan hfkomdte. en veldk. A. M. Mostert vir die moeite wat hulle doen om 'n netjiese en aangename terrein daar te stel vir die O.B.-funksies op Rietbult, en ook vir hul gulde bydraes.

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0272.

# Afgryslike Lot Tref Miljoene Duitsers In Oos-Europa Met Geallieerde Toestemming

**AS AL DIE INWONERS VAN DIE UNIE — BLANK SOWEL AS NIE-BLANK — VANDAG DEUR 'N BEVEL AANGESÊ WORD OM HUL WOONPLEKKE TE VERLAAT EN NA 'N AANGRENSENDE GEBIED TE GAAN, SAL DAAR 'N TREURSPEL AFGESPEEL WORD WAARVAN ONS NOULIKS 'N DENKBEELD KAN VORM. ONS KAN ONS ENIGSINS VOORSTEL HOEVEEL DUISENDE MENSE LANGS DIE PAD SAL AGTERBLY OM TE STERF, WATTER ELLENDE DAAR VERDUUR SAL MOET WORD DEUR DIE NAGENOEG 10 MILJOEN INWONERS VAN ONS LAND. AS SO IETS NOG MOET GEBEUR OP 'N TYDSTIP WANNEER DIE HELE LAND IN PUIN LÊ NA 'N SESJARIGE OORLOG, EN DAAR ORAL HONGERSNOOD HEERS, KAN DIE OMVANG VAN MENSLIKE TRAGEDIE NIE GEPEIL WORD NIE . . . AS DIE UNIE SE HELE BEVOLKING OPDRAG KRY OM DIE LAND TE VERLAAT.**

**En as hierdie 10 miljoen siele sonder besittings uitgedryf word na 'n gebied waar daar geen werkgeleentheid bestaan nie en waar die bevolking reeds genadebrood moet eet, sal so'n uittog 'n dodemars wees. Dit sou 'n bespotting wees van alles waarvoor die beskawing staan. En dit is wat vandag met die Duitse volk in Europa gebeur.**

Dit is so'n tragedie wat besig is om agter die gordyne van Oos-Europa af te speel, waarna Churchill verwys het in sy eerste toespraak vanuit die opposisiebanke — 'n toestand wat hy eiehandig help bewerkstellig het met die koelbloedigheid van 'n slagter.

Volgens koerantberigte word alle Duitsers uitgesit uit die dele van Duitsland wat aan Stalin en sy poppe-regerings toegeken is: Pole, Tsjeggo-Slowakye en Oos-Pruise — gebiede wat sedert eeue aan die Duitsers behoort. **Na beraming het reeds 10 miljoen Duitse vlugtelinge uit hierdie dele in die origie deel van Duitsland aangekom. Hoewel daar 'n ystergordyn hang oor die ellende wat hierdie mense te beurt val, is die bietjie wat deurskemer so afgryslik dat selfs haatdraende Britte daarvoor terugdeins.** Een korrespondent meld dat hoewel hy vier jaar lank uitgesien het na die pluk deur die Duitsers van die wrange vrugte wat hulle gesaai het, dit hom geen plesier verskaf het om op 'n stasie „jammerlike oorblyfsels van mense met die dood in hul oë" te sien nie. Hy gee die volgende beskrywing:

### YDELE HOOP

„Vier was reeds dood. Vyf het daar hulpeloos gelê en wag om te sterf nadat 'n dokter hul geval as hopeloos beskryf het. Die ander het daarby gesit en huil en die hoop gekoester dat iets op een of ander manier op een of ander tyd vir hulle gedoen sal word; hulle kon hulself nie meer help nie.

**„Hulle is 'n paar van die miljoene waarvan mnr. Bevin verlede week in sy toespraak melding gemaak het — uitgedryfdes uit Oos-Pruise en Opper-Silesië. Hulle is die daklose hordes wat niemand wil hê en wat geen distrik sal ontvang as hy dit kan verhelp nie.**

„Hulle kom in Berlyn aan teen 'n tempo van 15,000 per dag. Agt miljoen sal verwyder word uit die deel wat Pole moet ontvang. In Julie het 658,000 deur Berlyn getrek en in die afgelope 15 dae 287,000. Waarheen? Reeds is die normale Saksiese bevolking van 5,000,000 verdubbel. Elke distriksburgemeester buite Berlyn protesteer om nog een enkele meer te ontvang.

### „VERDIEN DIT NIE"

**„Intussen word die slagoffers — bestaande hoofsaaklik uit kleinboere, werkers en gesinne van die middelklas wat die minste verdien om van honger te sterf — van die een plek na die ander gestoot. Hul toestand word elke dag slegter. Hulle het geen geld, geen besittings, niks waarmee hulle 'n broodkorsie kan koop of ruil nie. 'n Moeder se enigste gedagte is aan kos vir haar kind.**

„Een moeder wat in Danzig gebore is, maar lank in Kanada gewoon het, het gesmeek dat iets vir haar vier kindertjies, met Kanadese geboortesertifikate, gedoen moes word. Sy het 'n arm verloor toe daar by haar huis geveg is, en van haar man is laas uit Hongarye verneem. **Sy was reeds twee dae en nagte op die stasie en kon nie op een van die treine kom nie wat na die hemel weet waarheen gaan. Sy het vyf dae laas geëet, en alles wat sy kon bedel, het sy vir haar kinders gegee.**

„In 'n toe beestrok word die dooies en sterwendes elke oggend verwyder om plek te maak vir die wat met die volgende trein sal aankom. Die instroming van hierdie jammerlike wesens is veels te groot vir die klein burgerlike organisasie.

### POTSDAM

„Die Potsdam-verklaring het die uitsetting van Duitsers uit Pole, Oos-Pruise en Tsjeggo-Slowakye erken, maar het bepaal dat dit ordelik en menslik moet geskied. **Van wat ek gesien het, kan ek sê dat dit nòg ordelik nòg menslik is".** Aldus die Britse koerantman.

In sy buitelandse oorsig het ook Die Suiderstem nou blyke gegee van ontsteltenis oor die lot van die Duitsers. Die blad erken dat die toekenning van Danzig met sy Duitse bevolking aan Pole al die kieme van die Tweede Wêreldoorlog bevat het. **„Waar die afbakening van nuwe grense en minderhede wat onder vreemde beheer gestel word, die kieme van 'n volgnde oorlog bevat, word die toestand nog gevaarliker wanneer hele bevolkings uit hul geboorteland gesit word",** verklaar die blad, en voeg daaraan toe dat **eweas na die vorige oorlog ook tans verklaar word dat die groot moondhede sal sorg dat Duitsland nooit weer in staat sal wees om oorlog te voer nie.**

### MET OOP OË

Die blad vervolg: „Die Geallieerde leiers kan nie beweer dat hulle die treurspel wat tans in Oos-Europa afgespeel word en vol gevare vir die toekoms van Europa is, nie vooruit gesien het nie. Churchill en maarskalk Stalin het samesprekings gevoer oor Russiese en Poolse gebiedsuitbreidings en hulle het tot sekere ooreenkomste geraak". Churchill sou egter, volgens die blad, moontlik gemeen het dat Pole met die uitsetting van Duitsers moes wag tot na die vredesluiting. Maar „dit moet egter erken word dat Churchill destyds in 'n moeilike posisie verkeer het. Rusland het 'n groot deel van Pole van Duitse troepe gesuiwer en 'n groot deel van Duitsland self verower. Maarskalk Stalin het dus in 'n baie sterk posisie verkeer. **As Churchill nie sy eise ingewillig het nie, was daar 'n moontlikheid dat Rusland daardie gebiede kon geannekseer het sonder die toestemming van die Geallieerdes".**

**Hiervolgens vind daar dus tans in Oos-Europa 'n ontsettende menslike tragedie plaas met die toestemming van die Geallieerdes — al het Sy Majesteit se Opposisieleier nou groot berou oor wat hy gedoen het as Sy Majesteit se regeringshoof.**

## Boerejeug Presteer Op Utrecht


Op 6 April het die Boerejeug, JD2, C1 en 3, 'n besonder geslaagde funksie ten behoewe van die N.H.F., onder leiding van die B.J.-Veldkornet L. Joubert, te Utrecht gehou. As in aanmerking geneem word dat dit die eerste afsonderlike funksie van die aard deur hulle onderneem is, maak die bedrag van £46 wat ge-in is, 'n treffende indruk. Kenmerkend van hul organisasie was dan ook die gesellige atmosfeer wat geskep is by al die verrigtinge. Trouens, by al die plaaslike byeenkomste van die O.B. sou die afwesigheid van die Boerejeug baie opvallend wees. Gebiedsleier, genl. C. A. Pienaar, het ook in dié gees 'n boodskap van ons jong helde van die Groot Trek en Vryheidsoorlog oorgedra aan die jongstes van die Boerejeug.—(Ingestuur.)

PUIK MOORREESBURG-LANDBOUSKOU
WOENSDAG EN DONDERDAG, 26 en 27 September
op die Tentoonstellingsterrein

Nagenoeg 18 spanne muile en perde, karperde, ryperde, spanne osse, Fries- en Jersey-beeste, skape, varke, pluimvee, graan, groente, huisvlyt e.d.m. Alles van die beste gehalte sal tentoongestel word, benewens ook vry vertonings van Landbou-masjinerie. Die verwagting is dat die kompetisie sterker sal wees as die vorige jaar en dat die Moorreesburgse skou weer die beste op die platteland sal wees.

Kom seker en oortuig uself.

# Etenstyd in O.B.-Laer



O.B.-laertrekkings word gekenmerk deur die ordelikheid wat alle verrigtings beheers. Bostaande foto is van die opleidingskamp te Boesmansrivier, waar offisiere aansit om 'n welverdiende ete te nuttig na harde werk.

## Mooi Vooruitgang Op Boshof

Ossewabrandwag-dag is op 25 Augustus op Boshof met groot welslae gevier. Die vooruitgang van die plaaslike kommando's word weerspieël in die vermeerdering van die jaarlikse insamelings. In 1942 kon nog geen funksie plaaslik gereël word nie, en is Ossewabrandwag-dag op Petrusburg gesamentlik met die Petrusburg-kommando's gevier. In 1943 is £50 ingesamel. In 1944 £90-13-1, terwyl daar vanjaar £130-10-0 byeengebring is.

Gedurende die middag is die aanwesiges toegespreek deur hoofkommandant C. E. v. d. Merwe van Boshof, en kommandant Gert v. d. Merwe van Petrusburg. Albei het andermaal die O.B.-gedagte van My God, My Volk, My land Suid-Afrika en Een vir almal en almal vir elkeen op besielende wyse beklemtoon.

Die funksie is die aand op bekwame wyse afgesluit met volkspele gereël deur die Kommissie vir Volkspele, onder beskerminig van die RDB.

Die Basaar-tafel van die Boerejeugdogters het die mooi bedrag van £5-18-8 ingebring. — (Ingestuur.)

## Ermelo Volmoed en Bedrywig

Die uitslag van Wêreldoorlog II laat ons hoop hier in Ermelo nie verflou nie, maar spoor ons juis tot groter kragsinspanning aan.

In hierdie kontrei is daar lewe en daar word gewerk! Dit blyk ook uit die bedrywighede i.v.m. O.B.-dag (8 Aug). Verskeie kommando's het reeds funksies afgehandel, soos E7B2 op 6 Aug; E7B3 op 11 Aug.; E7B8 op 11 Aug.; E7C2 op 25 Aug.; 'n onderafdeling van F3B3 vroeg in Augustus, terwyl afdeling Breyten geen funksie organiseer nie, maar 'n spesiale poging aanwend deur onderlinge insamelings.

Wat die ingesamelde bedrae beloop, is nog nie bekend nie, maar dit gaan baie goed en ons het goeie moed.

Verblydend en moedgewend is die berigte oor Kaapland, waar alle vorige insamelings ruim oortref word.—(Ingestuur.)

## Kommandante Van Tulbagh se Ywer

Die Tulbaghse kommando's het besluit om O.B.-dag, ten spyte van die Woensdag, op die geskiedkundige 8 Augustus te hou.

Maar omdat 'n paar van die staatmaker-vroue enige maande vooraf nie tuis was nie, is dit goedgevind om dit vanjaar, by wyse van uitsondering, 'n geleentheid te maak om offers neer te lê sonder basaar.

Die Brandwagte het amper soos een man opgekom en met die hulp van 'n paar goedgesinde buitevriende is die mooi bedrag van £192 ingesamel.

**Hierby wil ons tog graag dit noem, om as spoorslag vir ons almal te dien, dat die kommandant se vrou gedurende die laaste maande voor 8 Aug. met die verkoop van gebak ens. die mooi bedrag van £20 ingesamel het.** —(Ingestuur).

## Boereseun Verower Skildery

Gedurende die jaar het die Boerejeug van Springfontein onder leiding van komdte. Human, bygestaan deur veldkte. Grib en Kleynhans, uitgekamp op die plaas Middelfontein, O.V.S. Die dogters het hulle besig gehou met rommelartikels, sang en tuisverpleging, en die seuns met grondbewaring, noodhulp en volkgeskiedenis.

By die sluiting van die kamp het komdte. Human 'n wissel-skildery beloof aan die Boereseun of -dogter van Springfontein wat die meeste geld insamel vir 8 Aug.

Die jeug het skouer aan die wiel gesit en begin werk. Op 31 Aug. is die geld ingebring. Die pragtige skildery, wat 'n jeugkamp voorstel, is gewen deur Gousie Scheepers.

Daar die Boerejeug van Springfontein slegs uit 20 lede bestaan het hulle die mooi bedraggie van £5 10s. ingebring.

Die ander is vasberade om Gousie nie weer die kans te gee om die skildery te verower nie. Komdte. Human het die jeug op koek en tee getrakteer, waarna die verrigting afgesluit is met die O.B.-lied.—(Ingestuur.)

Om merke op bruin skoene te verwyder, neem 'n stukkie suurlemoen, vryf dit goed in en maak skoon met bruin skoenwaks.

## Nuwe Generaal



Genl. J. L. SWART van Heidelberg (Kaap) wat so pas aangestel is as nuwe generaal in die generaalskap A4 (Heidelberg en omliggende dorpe). Hy volg genl. H. M. L. Gildenhuys op, wat op die lys van reserwe-offisiere geplaas is.

## Theunissen Stoot Opbrengs Op

O.B.-dag op Theunissen is vanjaar op 8 Augustus gevier. In die oggend is 'n funksie by die Stadsaal gehou waarvan die netto opbrengs hierdie keer £30-0-2 was, d.w.s. meer as driemaal die bedrag wat verlede jaar in Augustus ingesamel was.

Die middag is 'n vergadering in die stadsaal toegespreek deur die Kommandant-generaal. Hy het deurgaans 'n baie aandagtige gehoor gehad. Genl. Paul Hendriksz, van Marquard, het opgetree in die leiding van die verrigtinge.

Hierdie funksie en vergadering was die grootste wat in die afgelope 3½ jaar op Theunissen plaasgevind het.

Theunissen-kommando se Vryheidsdaginsameling aan die begin van hierdie jaar het ook nog £21-10-0 ingebring vir die Noodhulpfonds.—(Ingestuur.)

## Komdte. Schoeman Ter Ruste Gelê

Onder blyke van groot deelneming het Sondagmiddag op Excelsior, dist. Oudtshoorn, die begrafnis van kommandante Katarina Jacomina Schoeman (geb. Le Roux), in lewe eggenote van genl. John Schoeman, plaasgevind.

Mevr. Schoeman, of tannie Kate, soos sy onder haar groot vriendekring bekend was, se dood het as 'n groot skok vir die hele distrik, waar sy gebore en haar hele lewe deurgebring het, gekom.

Die roudiens wat deur sowat vyfhonderd mense bygewoon is, is deur dr. Venter, leraar van De Rust-gemeente, waarvan mevr. Schoeman 'n getroue lid was, gehou. Dr. Venter het daarop gewys dat hoewel die ontslapene spesiaal versoek het dat daar geen lofredes op haar begrafnis gehou sal word nie, hy tog nie kan nalaat nie om namens die bedroefde familie en aanwesiges dankbaar melding te maak van haar liefde teenoor haar familie en medemens en haar wonderlike voorbeeld as Christen.

As draers het opgetree eers die kinders en mnre. Hekkie en Pieter Schoeman. Daarna is die kis verder grafwaarts gedra deur haar ses broers, mnre. Pieter, Gert, Ockert, Hans en Stephen le Roux.

Mevr. Schoeman word oorleef deur haar bedroefde eggenoot en vyf kinders.—(Ingestuur).

## £167 Ingesamel Op Kakamas

Op 16 Aug. het die Manne- en Vroue-kommando van Kakamas O.B.-dag gevier. Hoofkomdt. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier, was teenwoordig en het die kommando toegespreek, as ook genl. dr. Joubert.

Die bedrag van £83-16-10 is die dag ingesamel en tesame met die fondse wat gedurende die jaar ingesamel is, het die kommando nou £166-16-1 — dit is byna £20 meer as verlede jaar.

Ondersteun Ons Adverteerders!


UITSTEKENDE GELEENTHEDE

vir

Jong Manne

'n Firma wat vinnig uitbrei benodig ywerige jong manne as boekhouers, stoormanne en verkopers. Goeie vooruitsigte aangebied. Besondere geleenthede vir geskikte persone om hulle na bestuurdersposte op te werk.

Meld ouderdom, opleiding en ondervinding; en

Stuur afskrifte van getuigskrifte en referensies aan:

X — Posbus 1411, Kaapstad.

Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.

PRYSLYS:

| | Per Bottel in kissies van 12 Bottels | Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal (Soet) | 2/6 | 11/- |
| Wit Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Rooi Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port | 1/7 | 7/6 |
| Pontak | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Sjerrie | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A 1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/6 | — |
| Anys | 6/6 | — |
| Gemmer | 6/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |
| „COCKTAIL" | 4/- | — |
| Vermouth (Franse en Italiaanse tipes) | 2/9 | — |

GELIEWE DAAROP TE LET: — Bestellings word opgemaak van enige verskeidenheid wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kissie van 12 bottels is.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG moet bestellings vergesel wat op Bushaltes of Haltes afgelaai word, andersins sal bestellings na naaste Stasie versend word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel, nl. 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels. Gemelde bedrae word vergoed sodra leë inhouers terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

WANNEER LEË INHOUERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE. DUPLIKAAT-VRAGBRIEWE VAN AFSENDING MOET OOK AAN ONS GESTUUR WORD.

Bestel van
EXCELSIOR WYNMAKERY,
(Eien. John Schoeman)
Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR.
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

